Poetry Series

# Sylvia Prinsloo
# - poems -

**Publication Date:**
2008

**Publisher:**
Poemhunter.com - The World's Poetry Archive

# Sylvia Prinsloo(15 January 1965)

I had a very happy childhood.  My parents are still married so I did not grow up in a broken home.  I went through a lot in life.  In 1998 I started to write poems and do paintings.  This was all because after my husband comitted suicide.  I think I always had talent and just needed something to trigger the talent.  I am so glad that God has given me this talent that I want to share it with everyone.

# Die Here Is My Herder

DIE HERE IS MY HERDER

Die Here is my herder
ek wil opreg nou vra
Help my en behoed my
dat ek kan ophou kla

Ek het so baie vreugde
om my dag te vul
Kan meer lief en aandag gee
weet dit is Sy wil

O Here maak my sterk
om vir U te werk
O Here neem my hand
en lei my deur U land

Die Here is my herder
ek weet Hy sal my seën
Sy mildelike liefde
sal oor my stroom soos reën

Ek sien so baie hartseer
wat wel genees kan word
Ek wil nou meer beteken
Sy krag my mee omgord

O Here maak my sterk
om vir U te werk
O Here neem my hand
en lei my deur U land

Junie 2003

Sylvia

Sylvia Prinsloo

# Die Son Kom Stadig Op

DIE SON KOM STADIG OP

Sing vir my ‘n lied
dat ek kan verstaan
waarom draai die lewe
as dit stil gaan staan

By die venster wag die son
op ‘n helder oggenduur
wat sal daardie dag nou bring
sal dit die lewe dalk versuur

Kan ek my oë oopmaak
en kyk wat vir my wag
‘n oomblik in die toekoms
dalk ‘n mooie dag

As die son se strale
op my gesig kom lê
sal ek vrede altyd vind
en U altyd ‘n antwoord hê

Stadig word dit nou
hier warm rondom my
U het my in U hande
sal my nou bybly

2004
Sylvia

Sylvia Prinsloo

# God My Vriend

GOD MY VRIEND

Soveel maande soveel jare
kan ek nie net weg wil gooi
Sonder U is ek verlore
my lewe slegs 'n kreukel, plooi

U is my standbeeld vasgeanker
gee my liefde, soveel hoop
Saam met U wil ek oud word
en die lewenspad nou loop

In my oë dans duisend sterre
soms is ek net soos 'n kind
Uit U put ek krag en kennis
passie wat ek rats verslind

Ek weet U wil my liefde gee
goeie dinge met my deel
U weet dat ek U kragtig liefhet
my hart het U lankal "gesteel"
2004    Sylvia

Sylvia Prinsloo

# Hoekom Doelloos

HOEKOM DOELLOOS

Hoekom wil ons doelloos
deur die lewe gaan
God het ons pad al lankal
voor ons uitgebaan

Ons almal moet besef
dat ons hier op aarde is
omdat Hy ons lief het
dit is so gewis

Hope stomme vrae
ons hele lewe deur
Wat maak ons eensaam
wil ons stil verskeur

Die een is soms die ander
se hartseer en gru pyn
Heer laat tog net my sonde
stil voor my verdwyn
2004   Sylvia

Sylvia Prinsloo

# How Neat Your Life

At the end of the rope
Big brown hazel eyes
I want to stand still
And listen to the cries

Soft as a newborn lamb
Warm as a big bon-fire
Blue as the bluest sky
Like in your hearts desire

You can shape your life
Just like you want to know it
You can change your path
Or else completely blow it

Crimson roses just for me
Hearts so pure and neat
The sound of lively music
Come listen to the beat

Sylvia Prinsloo

# Jy, Ek En Die Groot Goue Boek

JY, EK EN DIE GROOT GOUE BOEK

In ‘n groot goue boek
is ons naam geskryf
Ons moet in God vertrou
Hy bied ons siel verblyf

In ‘n groot goue boek
weet ons waar ons hoort
Hy oordeel nie ons kragte
verdeel ons nie in soort

In ‘n groot goue boek
ek sê vir jou dis waar
By Hom sal ons net liefde vind
ek wens ek was al daar

In ‘n groot goue boek
soek ek nou my naam
Ons moet ons lewe regkry
soos dit ‘n Christen moet betaam
2004   Sylvia

Sylvia Prinsloo

# Kronkelbos

KRONKELBOS

Kronkelbos deur die wind
Waar gaan jy heen my aardse kind
Die geur van soet jasmyn
Praat nou oor jou pyn

Sewejaartjies teen 'n hang
Wat lê voor jou wat maak jou bang
'n Rapsie agternagekom
Die vrede wat vir jou nou blom

Kamferfoelie leventelblaar
Wat roep jou nader, sien jy daar
'n Kind se lag, 'n vrou se traan
Wat is die toestand van jou baan

Lewendig hier voor jou oë
Kan jy dit sien kan jy dit glo
Eers 'n arm dan 'n been
Is dit 'n ramp, is dit 'n seën

Vêr sien ek 'n orgideë
Dit staan alleen afgeleë
Wat in sy glorie staan en blom
As jy net bietjie nader kom

Diep stemme uit die kronkelbos
Op jou wang 'n warm blos
Dan om jou nek 'n kraal of twee
Duidelik 'n stom geskree

Hopies vrot ou blare
Lê hier al vir jare
Stilsit en net luister
Hoe hul saggies fluister

Sing my wind sing jou lied

Terwyl doudruppels om jou giet
Op jou lippe blink ‘n lag
Van gister, morê, anderdag

Groot ronde klippe lê net daar
Sien jy mos, is dit waar
Aandse floute skemering
Hier in die kronkelbos se kring

Trap diep jou ringtingspore
Want daar was mos ‘n Kind gebore
En ook so het Hy weer gesterf
Om ons te red uit die verderf

2004
Sylvia

Sylvia Prinsloo

# Kronkelpad

KRONKELPAD

‘n Kronkelpad het Hy geloop
ons sondes voor te sterf
Hy het geen kompas, kaart gehad
so siele mee te werf

Aan die kruis het Hy gesterf
vir hulle, jy en ek
Toe na drie volle dae
uit die dood weer opgewek

So het Hy dan ons plek
vir sondes ingeneem
Om ons dan daarmee nader
aan ons God te neem

Niks, nee niks op aarde
is ons eie nie
Want alles wat ons hier het
behoort tog net aan U

Al wat so belangrik is
moet ons net aanvaar
pas Hy vir ons sorvuldig op
want dit is reeds al Daar

2004
Sylvia

Sylvia Prinsloo

# My God Se Oë

MY GOD SE OË

My God se oë kan wyd sien
my God se oë is groot
Hy sien ons hier op aarde
tot in die diepe dood

Hy sien tot in ons harte
wat ons almal dink
Hy sien ons stil reaksies
as Hy ons nader wink

Daar is hier niks op aarde
wat ons tog kan verbloem
As ons soms stilweg besig is
om ander te verdoem

Sy oë is altyd op ons
in ons lief en leed
Hy sien wat ons soms pla
en diep aan ons kan vreet

Maar dis vir my ‘n diepe troos
ek’s altyd in Sy sig
Hy ken my deur en deur
en gee my altyd deur Sy lig

2004
Syvia

Sylvia Prinsloo

# Oral Alle Kante

ORAL  ALLE  KANTE

Onder ‘n peperboom
het ek gedink aan ‘n droom
Hier by my regterhand
sien ek die beloofde land

Voor my aangesig
skyn ‘n skerp oorwinningslig
Oor my lewensdoel
ruk God my uit ‘n duister poel

Langs my Vader wil ek stap
oor ‘n land so bont soos lap
U sal my hand dan ferm druk
en so my uit my sorge ruk

Agter die verlede laat
nou het ek ‘n lewensmaat
Ek het U in my hart gevind
want ek is mos ‘n Christus kind
2003-06-12   Sylvia

Sylvia Prinsloo

# Pebbles

I want to give you pebbles
the red one’s on the beach
Want to keep them safe for you
always in your reach

You are that something special
someone warm and bright
I lie in bed and think of you
you are my brightest light

When I touch your little face
you smell like rosemary
You are my little baby girl
I’m happy as can be

Sylvia Prinsloo

# Praat Bring Vrede

PRAAT BRING VREDE

Medeklinkers en vokale
saam maak dit 'n sin
Ons moet kan praat en luister
maar altyd eers besin

Praat is so belangrik
ons moet dit tog besef
vol liefde en vol teerheid
nooit ons stem verhef

Woorde kan soms ongenooid
jou dieptes binnedring
Kras en ongevraagd
hartseer by jou bring

Waak teen praat van ander
sonder dat hul weet
Dit kan soms pynvol aanhou
en altyd net bly vreet

Kom dat ons weer praat
soos dit altyd was
Ons help daardeur vir ander
met hul sware las

Sonder woorde raak dit stil
mag dit tog nie so raak
Soms wil ons niks meer sê
uit vrees om gal te braak

Maar met ons God kan ons gesels
Hy sal net aanhou luister
in woede en ook hartseer
en soms ook net stil fluister

2004-10-25
Sylvia

Sylvia Prinsloo

# Sintuie

SINTUIE

Vandag is die dag wat ek gaan lag
ek wil God prys oor die lewensprag
net mooi in die lewe om my sien
want ek’s U kind wat dit verdien

My hande, saamvou in gebed
en meer op my seëninge let
my hart vol liefde wil ek hou
om mee my toekoms te omvou

Vandag is die dag wat ek wil treur
want soms pla my sondes my keer op keer
met liefde wil ek van U praat
en so die woord voeg by die daad

My ore wil ek nie uitleen
aan sondaar - my van U vervreem
my brein verryk ek met U woord
U liefde dra my altyd voort
2004   Sylvia

Sylvia Prinsloo

# Sy Hand

SY HAND

Soete bergrivier
jy roep na mens en dier
Fiere palmboom
bring vir ons net nog ‛n droom

‛n Droom van goue lande
wat lê in God se hande
‛n Droom so mooi volmaak
wat aan die wolke raak

Wolke sag en wit
My lewe weer ‛n ander snit
Agter my ‛n donker lap
ek was so blind leeggetap

Leeggetap en uitgewas
so was my lewe so was my las
Ek sien ‛n boodskap voor my lê
wat is die doel wat wil dit sê

‛n Pad van rou het ek geloop
maar my smarte weer laat doop
Tog ek kan weer sterker wees
sterker as die ergste vrees

Ek is nou nie meer bang nie
vrees gaan nie om my hang nie
My God het nou my hand geneem
van Hom wil ek nie weer vervreem

2004-10-25

Sylvia

Sylvia Prinsloo

# Sylvia Se Gebed

SYLVIA SE GEBED

Heer ek wil U vra
om my altyddeur te dra
Waar 'n plooi is plaas 'n lag
elke dag op dag op dag
Maak die mense naby my
bly dat hul vir my kon kry

Help my ophou kla en kerm
want dit wroeg hul in hul kern
Laat ek tog 'n vreugde wees
dat ek hul met krag genees
Stop my vol met liefde mooi
sodat ek hul nader nooi

Help my om my mond te hou
al voel ek hul gaan nou verbrou
Laat hul my liefhê net soos U
sodat ek vorentoe kan stu

Gee my tog net wyse krag
U sorg mos vir ons elke dag
Dis U waarby my liefde is
my hart behoort aan U gewis

Gee ons almal krag en wysheid
dit is nog jare voor ons grysheid
Mag ons as eenheid bly bestaan
en ons liefde nie vergaan

Mekaar aanvul en soms vertroos
al word ek tog partykeer boos
Sal U my krag gee in my taak
as vrou en moeder bly bewaak

Amen
2004-06-08
Met liefde aan my kinders

Sylvia Prinsloo

# Vae Onsekerheid

VAE ONSEKERHEID

Stadig as die stadsgeraas
agter my verdwyn
Voel ek vrede in my hart
as die vlaktes voor my skyn

Ek wil oor berge klouter
deur diep strome swem
Wil my sorge op gaan hang
wat hier aan my rem

Net anderkant die vlaktes
bruis ‛n diep blou see
Daar wil ek graag my voete
weer net skoon gaan vee

En as die son se strale
my daarheen sal wil dra
Wil ek by U voete sit
en dan vir U vra

Hoekom is dit tog so swaar
die lewe hier op aarde
Kan dit maar net stil weggaan
wat is my doel my waarde

Hoekom word ‛n mens gebore
en gaan dan net weer dood
Dit tref soms klein ou kindertjies
nog in hul moederskoot

Hoekom bring U soms
dinge op ons pad
Om soms na maande, jare
in duisend skerwe in te spat

U vat my hand en sê vir my
My kind jy moet net glo

los die vae onsekerheid
jou hulp kom net van Bo

2003-06-10
Sylvia

Sylvia Prinsloo